

MEMORANDUM VAN WEEK 1 SE WERK

MAANDAG 20 April 2020

Alle werk is mondelings. Plak die idiome in julle lyntjiesboek as julle wil.

IDIOME:

1. **Jakkals trou met wolf se vrou:** Wanneer dit reën terwyl die son skyn.
2. **Elke donker wolk het 'n silwer randjie:** Na al die teenspoed kan 'n mens beter tye verwag.
3. **In die wolke wees:** Baie bly wees.
4. **Dit reën katte en honde:** Dit reën baie hard.
5. **Deur die blare wees:** Deurmekaar wees.
6. **Dit gaan voor die wind:** Dit gaan goed.



DINSDAG 21 April 2020

Alle werk is mondelings.

WOENSDAG 22 April 2020

Die volgende werk moet in die lyntjiesboek gedoen word. Plak eers die papier oor Enkelvoudige en Saamgestelde sinne in jou boek as jy wil. Skryf dan die volgende opskrif onderaan. Kyk na die Powerpoint voordat jy met jou werk begin.

Enkelvoudige en saamgestelde sinne

1. 'n **Enkelvoudige sin** het een hoofsin wat bestaan uit 'n onderwerp, gesegde en voorwerp. Daar is net een werkwoord in die sin.
VOORBEELD: Die kinders speel in die klas.
2. 'n **Enkelvoudige sin** kan uitgebrei word met beskrywende woorde.
VOORBEELD: Die soet kinders speel in die Graad 4 klas.
3. 'n **Saamgestelde sin** het minstens een hoofsin en minstens een bysin.
VOORBEELD: Die kinders speel in die klas wat baie bedampig is.
4. Nog 'n voorbeeld: Sy lees 'n storie. (Enkelvoudige sin)
Sy lees 'n interessante storie. (Uitgebreide sin)
Sy lees 'n interessante storie wat baie snaaks is. (Saamgestelde sin)



P.56 nr. 1(a-b) en 2(a-b)

- 1.a Dit is **bloedig** warm. ONTHOU DIT MAG SLEGS BYVOEGLIKE NAAMWOORDE WEES.
- b. Ons speel op die **sonnige** strand. ENIGE ANTWOORD WAT SINMAAK IS REG.
-
- 2.a Ons stap in die reën **wat verfrissend is**.
- b. Die son skyn elke dag **wat mooi helder is**.
-

VRYPDAG 24 April 2020

(Werk onderaan waar jy laas geskryf het)

Die volgende werk moet in die lyntjiesboek gedoen word. Kyk eers na die Powerpoint en skryf dan die volgende opskrif in jou boek.

Vraagsinne

24 April 2020

P. 57 nr.3(a-c)

- 3.a **Waar** bly die vrou?
- b. **Wat** het gekrimp?
- c. **Hoe lank** het sy gehuil?
-

DONDERDAG 23 April 2020 (Plak werk op nuwe bladsy)

Kyk eers na die Powerpoint voordat jy begin.

Homofone en homonieme

Homofone is woorde wat **eenders klink**, maar **verskillend gespel** word.

VOORBEELD: Kurt leun teen die muur van skok nadat Pieter 'n leuen vertel het.

Kies die regte woord tussen hakies om elke sin te voltooi.

1. Ons eet vanaand rys (rys/reis) saam met die vleis.
2. Ons gaan my verjaardag vier (vier/fier).
3. 'n Mens gebruik 'n vyl (vyl/feil) om jou naels kort te hou.
4. Die meisie lyk tog te viets (fiets/viets) in haar nuwe rok.
5. Ek wil dit so graag regkry, maar ek faal (vaal/faal) elke keer.
6. Ek gebruik 'n besem om te vee (fee/vee).
7. Ek mik hoog en reik (reik/ryk) na die sterre.
8. Die reis (reis/rys) deur die woestyn het 'n week geduur.
9. Ouma brei (brei/bry) vir my 'n trui.
10. Ek ry met my fiets (fiets/viets) skool toe.
11. Die hael (hael/haal) het baie hard op die kar se dak geval.
12. Ek sal jou lei (ly/lei) om die regte antwoord te kry.



Homonieme is woorde wat **dieselfde klank** het en **dieselfde gespel** word, maar dit kan **verskillende betekenisse** hê.

VOORBEELD: Die weer is vandag sleg, want daar woeë 'n storm buite.

Ek kon weer nie vandag met my fiets buite ry nie.

Maak nou twee sinne met die woorde hieronder om die verskillende betekenisse van die woord te verduidelik.

bank	Ek lê met my voete op die bank .
bank	Die man trek geld by die bank .

bly	Ek is bly dit is amper vakansie!
bly	Bly by die huis, dat jy nie die virus kry nie.

oor	My oor pyn vreeslik.
oor	Ek moet al my huiswerk oor doen.